VOORBIDDING:

Wêreld: Bangladesj, Bhoetan en Nepal. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur; inwoners van Mosambiek waar die siklone verwoesting gesaai het. Sri Lanka en almal wat geliefdes verloor het in die aanvalle daar. Shiraaz Mohamed, Suid-Afrikaanse joernalis wat twee jaar gelede in Sirië ontvoer is.

RSA & Dorp: Gesondheids– en maatskaplike dienste - hospitale en klinieke, medici, verpleërs en paramedici. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Droogtegeteisterde gebiede. Vloedslagoffers in KwaZulu Natal en die Oos-Kaap. Dank vir 'n hoofsaaklik vreedsame verkiesing.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategese, jeugdiens en groepe. Christo en Ina Dippenaar: hulle dogter, Christelle en haar man, Gabriel, se dogtertjie Aliyah is baie siek - Krabbe disease. Kom ons dra hulle in ons gebede. Wes-Kaap Sinodesitting (13 tot 17 Mei 2019).

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Christiaan Basson (Pin Oak), Francois Dercksen (De Bosch), Klara Dorfling (Lovell), Marli Ehlers (Longlands), Maryke Henn (De Bosch), Garrick Higgo (Van der Riet) en Riana Hunter (Speciosa).

Kom help stik vir Bless-a-Baby

Daar is nuwe geknipte sakke beskikbaar in die kerkkantoor. As jy wil meewerk aan die Bless-a-Baby-projek, kom haal 'n paar sakke en stik!

Juig tot eer van die Here, almal op aarde! Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam.

GROENgedagte #133 Die **"Earth Charter"**-gedeelte vir die week is 'n oproep aan ons almal: *Treat all living beings with respect and consideration.* Te midde van nuusberigte oor swartmarkhandel in die bedreigde ietermagog en berigte oor kreef en perlemoen wat só uitgevang is dat daar amper niks oor is nie - alles in die mens se strewe na mag en geld - vra die Earth Charter:

a. Prevent cruelty to animals kept in human societies and protect them from suffering.
b. Protect wild animals from methods of hunting, trapping, and fishing that cause extreme, prolonged, or avoidable suffering.
c. Avoid or eliminate to the full extent possible the taking or destruction of non-targeted species.

Doen moeite en gaan stap sommer in jou tuin en kyk uit vir die mooi. Sien die mooi in alle mense en hanteer alles en almal met respek.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sondag 12 Mei 2019

Moedersdag

Vierde Sondag van Paastyd

Tema	Die evangelie stu kragtig voort!
Teks	Handelinge 9: 36 - 43
Prediker	Monty Sahd
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
09:30	Kleuterkerk en Junior Kategese
10:30	Tee en koffie by ons Koinonia Kafee (leeskamer)
10:30	Biblioteek in die vierkant
18:00	Jeugdiens: God se ekosisteem - Elzanne

Jaartema: Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.

Meimaand is Dankbaarheidsmaand. Die dienswerkers is besig om die dankbaarheidsmaandkoeverte te versprei. Daar is ook koeverte by die deure beskikbaar. Om bankkoste te bespaar, moedig ons gemeentelede aan om sover moontlik bydraes elektronies in ons bankrekening in te betaal. Bewyse van betaling kan ook in die koevert gesit word en op ons Dankdiens op Sondag 26 Mei na die kerk gebring word. Baie dankie vir almal se bydraes!

Dink aan vandag se seëninge - waarvan elke mens baie het; nie aan die probleme uit jou verlede nie - waarvan alle mense 'n paar het. - *Charles Dickens*

Teken in op ons E-Nuusbrief.
Gaan na www.stelwel.co.za, kies "kontak ons" en volg die maklike stappe.

ONS KANTOORURE:
Ma: 09:00 - 13:00 & Di - Vr: 08:00 - 13:00

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet 'n lekker koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer en neem boeke uit by ons biblioteek in die vierkant.

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 13/5 tot Sondag 19/5

Ma 13/5		Wes-Kaap Sinodesitting (Goudini)
Di 14/5		Wes-Kaap Sinodesitting (Goudini) **Geen Bybelstudie by Bonheur agv die Sinodesitting.** **ONS GEMEENTE SE VERJAARSDAG! 54 jaar oud vandag!**
Wo 15/5		Wes-Kaap Sinodesitting (Goudini) **Geen Geloofsgroei byeenkomste, Marktafel of Kuiertafels agv die Sinodesitting.**
Do 16/5		Wes-Kaap Sinodesitting (Goudini)
Vr 17/5		Wes-Kaap Sinodesitting (Goudini)
So 19/5	09:30 09:30 10:30 18:00 18:00	**Erediens:** Julie Claassens Kleuterkerk en junior kategese Tee en koffie en saamkuier by ons Koinonia Kafee Jeugdiens: God se revolusie (Rohan) Nagmaal by Bonheur

Die deuroffer vandag gaan aan die Sinodale Gemeentebegeleiding: Die Taakspan vir Gemeentebegeleiding (voorheen: Gemeentebediening) glo dat gemeentes God se geskenk is aan die wêreld. Gemeentes word vandag opnuut geroep om deel te neem aan die inbraak van die Koninkryk. Daarom word gemeentes begelei in geloofsonderskeidende prosesse om hulle roeping te ontdek in die gemeenskap waar die Here hulle geplaas het en om die verskillende aspekte van hulle bediening in lyn daarmee aan te pas en te vernuwe. Die proses word die *Communitas Reis in Geloofsonderskeiding* genoem, wat ’n omvattende proses vir ’n gemeente is. Die Taakspan lei begeleiers op en ontwikkel prosesse en materiaal wat gemeentes in die verskillende streke en ringe hierin begelei. Ds Gielie Loubser (gielie@sun.ac.za / 021 808 9051).

Die deuroffer verlede week aan die Gemeentehulpfonds was R1 710. Baie dankie!
Volgende week se deuroffer gaan aan die Sinodale Gemeente-ontwikkeling.

Geen B-Aksie Insameling vir Meimaand

Aangesien Meimaand Dankbaarheidsmaand is, samel ons gemeente nie hierdie maand items in vir die B-Aksie nie.
Die deurkollektes fokus op sinodale gemeente-ontwikkeling: Gemeentehulpfonds, Gemeentebegeleiding, Gemeente-ontwikkeling en die Teologiese Kweekskool.

Herwinning

Papier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Skoon glasflessies vir konfyt is altyd welkom.

Betaal met SNAPSCAN

(onthou om ’n verwysing in te tik.)

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Kennisgewing: Geloofsgroeibyeenkomste

As gevolg van die Wes-Kaap se Sinodesitting wat plaasvind van 13 tot 17 Mei, sal daar eers weer op Woensdag, 22 Mei Geloofsgroei byeenkomste plaasvind. Monty Sahd is die aanbieder en gaan dan begin met ’n nuwe reeks wat tot aan die einde van die kwartaal sal strek.

Daar sal ook nie Marktafel en Kuiertafels wees op Woensdag, 15 Mei nie. Ons kuier weer lekker saam op Woensdag, 22 Mei!

KOINONIA

In hierdie kwartaal van Pase, Hemelvaart en Pinkster kyk ons in ons weeklikse Koinonia gedagte na die verhaal van die Emmausgangers soos ons dit kan lees in Lukas 24:13-35. Koinonia met mekaar begin by Koinonia met God drie-enig. Maar onthou: die reis saam met Jesus en ander mense vind in die alledaagse lewe met al sy uitdagings plaas. In die gewone brose lewe ontmoet Jesus die Emmausgangers, die Samaritaanse vrou [Joh 4], Saggeus [Luk 19] en nog vele ander mense. Op hulle reis saam met Jesus leer hulle om die gewone lewe in sy teenwoordigheid te leef – leer hulle nuut leef. Ons hoef nie Koinonia op nuwe plekke te gaan soek nie. Kyk rondom jou elke dag. Wie kan jy dieper leer ken? Na wie toe stuur die Here jou? Maar ook: beleef die alledaagse God se teenwoordigheid en geniet dit net om by die Here te wees. Dit is die begin van alle Koinonia.

Kom kuier saam by ons Dankbaarheidsete!

Ons hou ons Dankdiens op Sondag 26 Mei 2019. Daarna gaan ons die vure aansteek en ons dankbaarheid vier om die vure en die etenstafel. Skakel die kerkkantoor by 021 886 5975 en laat weet asb teen 20 Mei of jy die ete kan bywoon. Die ete is gratis! Bring net jou eie drinkgoed en glase saam.

Pos beskikbaar by moderatuurskantoor

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode Wes-Kaapland) beskik tans oor ’n vakature van **Sekretaresse in die Moderatuurskantoor** in Bellville. Vir die volledige advertensie met inligting, kan belangstellendes na die volgende skakel gaan: https://kaapkerk.co.za/vakature-vir-n-sekretaresse-in-die-moderatuurskantoor.